

**Sondag 13 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:33-40**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:36 (AFR83/AFR2020)**

**Die Woord van die HERE, ons kompas of GPS om in 'n regte verhouding met Hom te lewe!**

Begeer jy ook om geestelik te groei? Dit is nie iets wat 'n mens in eie krag vermag nie. God se Heilige Gees moet jou daarmee help, anders is dit 'n verlore stryd. Ons het sy insig en sy krag nodig. Daarom vra die digter in vers 36: *“U verordeninge, laat die my na aan die hart lê.”* Wanneer God se verordeninge vir ons *na aan die hart lê*, is dit nie iets vreemds wat van buite af op ons afgedwing word nie. In Jeremia 31 beloof die Here beloof om dit vir sy volk iets innerliks te maak: *“Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart ...”* (Jer. 31:33). Wanneer die wet op ons harte geskryf staan, het ons dit ons eie gemaak, dan wil ons daarvolgens lewe, dan het dit by ons 'n innerlike oortuiging geword. Jy ervaar dit dan as 'n kompas, 'n GPS, en nie as boeie nie.

Die digter ken ook die verleidelikheid van die rykdom. Die begeerte om ryk te wil wees, is baie sterk en baie algemeen. Wie van ons wil nie ryk wees nie? Sug nie saam met oorlede Lukas Maree as hy sing *“Ek sou kon doen met 'n miljoen”* nie! Hierdie wens kan sterker wees as enige ander begeerte. Dit is egter nie soos wat dit hoort nie en soos wat die psalmis dit wil hê nie. Daarom dat hy vra: *“U verordeninge, laat dié my na aan die hart lê, nie die begeerte om myself te verryk nie”* (vs 36) Die begeerte na besittings is dikwels 'n ernstige belemmering in geestelike groei. Daarom behoort ons te bid dat God sy begeerte na die Woord, eerder as na rykdom by ons sal aanwakker.

Ware vreugde is immers net by God te vind, nie in rykdom nie! Soek elke dag jou ware vreugde en geluk in God se Lewende Woord, Jesus Christus.

*Sing: Psalm 34-1:1, 6*

*Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*